

PLAASINLIGTING

LIGGING:
Viljoenskroon,
Vrystaat

NAAM: Uithou

EIENAARSKAP:
Familieplaas

VERTAKKINGS: Sussex-stoetery en
droëlandmielies

GRONDTIPE: Hutton

VELDTIPE: Eragrostis en smutsvinger

GEMIDDELDE REËNVAL: 680-740 mm/jaar

KORTOM

- 'n Stewig geboude wa word gebruik om siek of beseerde beeste uit die veld kraal toe te vervoer.
- Dié ambulanswa word gebruik om nuwe skoudiere die dissipline van halterhantering aan te leer.
- Wilde beeste word uit die druggang se kopklamp aan die wa gekoppel.



'n Bul word aan die agterste regterkant van die wa vasgemaak en met me. Daleen Potgieter agter die trekker se stuur en dr. Danie Odendaal, veeartsenykundige konsultant wat foto's neem, begin die optog van die kraal af.

Pothou-Sussex se sukses het nie oornag gebeur nie. Die Potgieters, mnr. George en me. Daleen, het die plaas Uithou in 2004 in die driehoek tussen Viljoenskroon, Potchefstroom en Parys gekoop – 'n wêreld bekend om klipperige rantjies, suurgras, ysige winters en swaar rypneerslae.

Die geharde, aanpasbare diere wat hier oorleef, is landwyd gesog en raap pryse op op skoue.

George kan nie meer onthou waar hy aan die idee gekom het nie, maar sy skoudiere word deur 'n stewige wa agter 'n trekker gelei totdat hulle aan die halter gewoond is.

Aanvanklik het hy die potensiële skoudiere se halters regstreeks aan die trekker vasgemaak, wat glad nie gewerk het nie. "Hulle steek viervoet vas en verseg soos steeks donkies om saam met die trekker te stap."

Hy, sy vrou, Daleen, en hul seun, George jr., is 'n gedugte span, en die beesboerdery word net met twee vaste werkers bedryf.

Dit beteken hulle kan nie mannekrag afstaan om diere haltermak te kry vir skoudeelnames nie. "Om aan skoue deel te neem, is egter belangrik om die Sussex-handelsmerk uit brei en bemarking in Suid-Afrika en ook in die buurlande te doen."

PROSES WEEK LANK HERHAAL

Op hul plaas is 'n "ambulanswa" waarmee siek beeste uit die veld vervoer word. Dit het 'n robuuste staalraamwerk op 'n dubbel-

Ambulanswa vir haltermak skoubeeste

Die koste van arbeid en die tyd wat die afrigting van diere vir skoue in beslag neem, is een van die versteekte koste-aspekte wat die deelname aan skoue duur maak. 'n Noord-Vrystaatse Sussex-teler gebruik 'n praktiese kortpad om beeste haltermak te kry.

asonderstel en het plek vir minstens twee beeste. Aan die een kant vorm 'n laairaam 'n deur.

George het met 'n plan vorendag gekom om die wa te benut om enige potensiële skoudier te "dissiplineer".

Die bees se halter word aan die pilaar regs agter op die wa vasgemaak en volg noodgedwonge die trekker en die wa.

Dié proses word 'n week lank daagliks herhaal sodat die dier aan die dissipline van die skyntouleier gewoond kan raak. "Daarna kan die regte touleier aan die dier se linkerkant die halter begin hanteer soos in 'n skouing waar diere kloksgewys paradeer. Dit duur sowat 'n maand om die dier af te rig," sê George.

"Die stabiliteit wat die wa as skyntouleier bied, is 'n belangrike beginsel vir die opleiding van die skoudiere, want as 'n bees eers

sy krag ontdek en die oorhand gekry het deur los te ruk, verleer hy nie dié nuk nie."

RAAD VIR HALSSTARRIGE DIERE

Daleen sê enige skoudier wat sy sukkel om mak te maak, word eers agter in die druggang touwys gemaak, "want ek glo nie daaraan dat hulle moet losruk nie".

Andersins word halsstarrige diere in die kopklamp staangemaak, van 'n halter voorsien en aan die wa vasgemaak vir 'n uitstap van twee tot drie kilometer.

"As ek terugkeer, neem die touleier oor wanneer die bees moeg geloop is en minder weerstand bied. Die bees word eers waterkrip toe gelei om sy dors te les. Gaandeweg aanvaar die diere die hanteerders se hantering."

Aan die begin van die beste se opleiding, word hulle eers in die druggang geroskam



Die bul aanvaar die leiding van die bewegende wa ná 'n kilometer se stap tot by die trekker se draaipunt.



Dit is belangrik dat die bees nie uit sy halter kan loskom nie en hom aan die nodige dissipline onderwerp. Wanneer hy by die kraal aankom, begin die bees al die touleier aanvaar en stap gedweë saam.



Mnr. George Potgieter



Me. Daleen Potgieter

sodat hulle aan die menslike hantering gewoond raak.

Wanneer die diere haltermak is, konsentreer die hanteerder met sy stok om die bene in die regte posisie te kry vir die beste voorkoms vir die beoordelaar.

In die geval van die bulle, moet die voorbene verkieslik ewewydig uitmekaar geplaas word en die regteragterbeen effens na agter om die skrotum te vertoon. Koeie moet ba-

sies dieselfde posisie inneem om hul uiers behoorlik te vertoon.

Wanneer die beoordelaar die diere van agter beskou, moet die agterbene gelyk en vertikaal wees sodat die koeie se uiers nie vasgeknypt word nie en die bulle se skrotums en die binne- en buitedye duidelik vertoon. **LBW**

NAVRAE: Mnr. George Potgieter: e-pos: george@pothou.co.za; 082 787 3899.

LBW VRA ...

MNR. GEORGE POTGIETER

DIE BESTE RAAD WAT JY NOG GEKRY HET?

Jy moet die boerdery, soos enige ander projek, met die nodige oorgawe aanpak, anders moet jy dit los.

WIE WAS JOU MENTOR?

Wyle Dallas Phillips was die groot inspirasie vir die stoeterie. In 2007 het ons die eerste keer aan die Vryburgse skou deelgeneem met 'n enkele bul onder die wakende oog van Dallas en wyle Hendrik Tonyane, my skouleermeesters. Op dié skou se interrasbeoordeling het Pothou twee jaar agtereenvolgens die fase D-groeitoets-eerbewys verower.

WAT IS JOU GROOTSTE STRUIKELBLOKKE?

Die wisselvalligheid van die reënval wat van 300 mm per jaar tot selfs 1 200 mm (in 2008) kan wissel.

WAT IS POTHOU SE PRENTJIE VAN DIE IDEALE KOEI?

Dit is eintlik 'n eenvoudige benadering: Enige vrugbare koei wat jaarliks 'n kalf oplewer. Die speengewig van die kalwers wissel van jaar tot jaar by Viljoenskroon.

EN DIE IDEALE BUL?

Die belangrikste kriteria vir Pothou is die lengte, diepte en kapasiteit van die bulle. Die gewenste speengewig stem regstreeks ooreen met die lengte van die bees se karkas. Vir elke 2 cm tot 2,5 cm wat 'n bees langer is, bied dit 'n bykomende 10 kg tot 15 kg by speentyd.

Ná jare van navorsing en toetsing, was Omnia in staat om baie van die geheime van mikrobies te ontsluit.

Dit het gelei tot Bacstim®, 'n produk wat teen klein hoeveelhede resultate lewer.

Mikrobies is 'n nie-chemiese, omgewingsvriendelike oplossing wat na verwagting die opbrengste en produktiwiteit van 'n gewas direk sal beïnvloed.



High Performance Biology





omnial
NUTRILOGY • NUTRILOGIE

Venessa Moodley
Hoof van OmniaBio™

